NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 19 APRIL 2007 OM 10:00 TE NG KERK DESPATCH-EENDRAG

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader by die NG Kerk Despatch-Eendrag, Despatch.

1.2 Opening

1.2.1 Die vergadering sing al drie verse van die Sinodelied.

1.2.2 Die voorsitter lees voor uit 1 Petrus 1 verse 1 tot 9.

1.2.3 Hy beklemtoon die lof wat aan die Vader toekom wat aan ons die nuwe lewe met 'n lewende hoop geskenk het. Hy illustreer die effek van hooploosheid na aanleiding van die verhaal van 'n Alpynse dorpie wat deur 'n nuwe dam verswelg sou word. Mense het hul belangstelling in die lewe en in hul dorp verloor. Daarteenoor staan die getuienis van die Skrif wat in soveel kontekste hoop bring op grond van die genadige, liefdevolle hart van God.

1.2.4 Die mense van die teks het alle rede om hooploos te wees. Petrus se boodskap is een van hoop - nuwe lewe deur die opstanding van Jesus uit die dood. Ons leef in die Paastyd, in God se lenteseisoen. Dis nou lente in God se dagboek.

1.2.5 Op die ou end is die dam in die Alpe op 'n ander plek gebou, en het die dorpie hoop geskep en is van harte vernuwe.

1.2.6. Lede van die vergadering gaan hardop voor in gebed.

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofsverbintenis onder leiding van die voorsitter:

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk (verskoning)
Ds PL Louw (verskoning)
Ds CH van Heerden – DL Finansies
Ds TJ van Schoor (sekundus)

2.2 Lede deur die Ringe benoem

2.2.1 Naamlys

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier Oudl A Büchner	
Algoa	Ds JP Kampman	Oudl L Diedericks (PE-Wes)
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord) Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)	
Cradock	Ds HM Strydom Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Ds WA van Zyl Oudl L Theron (Barkly-Oos)	
Graaff-Reinet	Oudl JM Nel (Aberdeen)	

Humans-dorp	Ds DF Oelofse Oudl JZ du Plessis (Jeffreysbaai)	
Oos-Londen	Ds JSJ Swart	
Port Elizabeth		Oudl (me) BM Strydom (Walmer)
PE-Wes	Ds C Coetzee Ds GEG Louw	
Queenstown	Ds JPL van Straaten	
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging - BNet

Ds BIC Steyn

2.5 Reiskostevorms

2.5.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. SITTINGSURE

10:00 - 10:30 Tee
10:30 - 13:00 Vergadering
13:00 - 13:45 Ete
13:45 - tot met afsluiting van die vergadering.

Besluit: Goedgekeur.

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word aangevul word die volgende punte en bylae:

- Bylaag P by pt 6.1.2.4
- Bylaag Q by pt 6.5.1
- Bylaag R by pt 10.2
- Pt 11.3 NGK Joubertina: Uitkoop van Tyd - Bylaag O

5. NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK - 2006-11-23 Bylaag A

Besluit: Kennis geneem.

5.2 SK-Dagbestuur - 2007-01-18 Bylaag B

Besluit: Kennis geneem.

5.3 SK-Dagbestuur - 2006-02-08 Bylaag C

Besluit: Kennis geneem.

5.4 SK - 2007-02-15 Bylaag D

Besluit: Kennis geneem.

5.5 SK-Dagbestuur - 2007-03-15 Bylaag E

Besluit: Kennis geneem.

6. SAKE VOORSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 SK-Dagbestuur 2007-03-15 Bylae E, E.1, E.2, E.3,E.4, E.5, E.6

6.1.1 Verloop en uitkomste van die proses van aanstelling: Direkteur Begeleiding (pt 5.1.1.3)

Staan oor tot by pt 6.1.2.

6.1.2 Verslag SKDV: Direkteur Begeleiding Bylaag P

6.1.2.1 Ds Mouton word op versoek van dr Chris van Wyk tydelik uit die vergadering verskoon om te verhoed dat 'n botsing van belange mag voorkom in die bespreking van die saak.

6.1.2.2. Dr Chris van Wyk behandel die volgende bylae met die vergadering:

- Bylaag E.1 - Notule SKDV - dd 2007-03-09;
- Bylaag E.2 - Notule SKDV - dd 2007-02-19;
- Bylaag E.3 - Notule SKDV - dd 2007-02-22;
- Bylaag E.4 - Skrywe ds DW Mouton re aanvaarding van pos van Direkteur Begeleiding - dd 2007-02-27;
- Bylaag E.5 - Notule SKDV - 2007-03-01;
- Bylaag E.6 - Skrywe ds DW Mouton - dd 2007-03-02;
- Bylaag P - Verslag SKDV aan SK - dd 2007-04-19.

6.1.2.3 Besluit:
***1 Die vergadering neem kennis van die inhoud van Bylae E.1 tot E.6 en Bylaag P.**
***2 Die proses vir die vul van die pos van Direkteur Begeleiding word so spoedig moontlik herhaal, en word terugverwys na die SK-Dagbestuur as werwingskomitee.**
***3 Die status van die pos sal dié van 'n Predikant in Sinodale Diens wees.**
***4 Die TKVI vir die werkgewer word vasgestel op die jaarlikse aanbeveling van die ATF (vir die boekjaar 2007-8 vasgestel op R372 000).**

6.1.2.4 Ds Mouton sluit weer by die vergadering aan.

6.1.3 Uitkoop van tyd (pt 5.1.2)

6.1.3.1 Die vergadering bespreek die aanbeve-

ling van die SK-Dagbestuur (Notule pt 5.1.2) en bring ook Bylaag M (Skrywe NGK PE-Hoogland re uitkoop van tyd ds DW Mouton) en Bylaag O (Skrywe NGK Joubertina re uitkoop van tyd ds BIC Steyn) daarmee in verband.

6.1.3.2 Besluite:
***1 Die vergadering neem kennis van die aanbeveling van die SK-Dagbestuur (Notule pt 5.1.2), asook van Bylaag M en O.**
***2 Die saak word vir gesprek met die rolspelers en afhandeling na die SK-Dagbestuur verwys.**

Nota: Vergelyk ook pte 11.1 en 11.3.

6.1.4 Retraite vir Vroue-predikante (pt 6.2) Bylaag F

6.1.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Retraite vir Vroue-Predikante - dd 2007-03-05) waarin 'n versoek om reis- en verblyfkoste .van R4,000 vir 'n retraite vir vroue-predikante aangevra word.

6.1.4.2 Besluit: Die inligting van die retraite word aan gemeentes deurgegee wat op hul eie koste vroue- of ander predikante kan stuur.

6.2 SK 2007-02-15 Bylaag D

Geen sake word bespreek nie.

6.3 SK-Dagbestuur 2007-02-08 Bylaag C

6.3.1 Opleiding van fasiliteerders vir die roepingsretraite (pt 5.1.2)

6.3.1.1 Ds Barnard Steyn gee terugvoer oor hierdie projek wat in samewerking met Shepherd, Universiteit van die Vrystaat, beplan is. Dit is nie bekend of iemand uit die Oos-Kaap die opleiding in Bloemfontein bygewoon het nie.

6.3.2 Opleiding van lidmate om onder toesig bedieningshulp te lewer / opleiding van leraars (pt 5.1.4)

6.3.2.1 Ds Barnard Steyn doen verslag. Die opleiding is sterk akademies georiënteerd, maar die meeste deelnemers het dit baie positief beleef. Ander het 'n groter behoefte aan 'n werkswinkeltipe opleiding.

6.3.2.2 Dr Viljoen gee terugvoer dat die sinode duidelik besig is om die regte ding te doen en in 'n werklike behoefte voorsien. Die opleiers besef dat hulle hul verbind het tot 'n groter projek as wat baie vooraf besef het. Die verbintenis van die aanbieders is verblydend. Heelwat ringe is nie teenwoordig nie, maar namate die boodskap sirkuleer is daar groeiende belangstelling by ringe. Die aanbieders meen dat die materiaal waarmee hulle opgelei word, nie die materiaal is waarmee hulle na lidmate kan gaan nie. Daar word tans slegs 7 aanbieders opgelei.

6.3.2.3 Dit lyk asof die sertifiseringsproses deur die universiteit vir lidmate nie so belangrik blyk te wees as wat die SK voorheen geoordeel het nie. Dit kan moontlik wees om ons eie kurrikulum te ontwikkel, wat bou op goeie akademiese fondamente maar wat voldoen aan die behoeftes in gemeentes van die sinodale gebied.

6.3.2.4 Ds Willie van Zyl gee ook positiewe terugvoer vanuit die perspektief van 'n kursusganger / aanbieder.

6.3.2.5 Kennis word van die terugvoer geneem.

6.3.3 Bosberade Maart 2007 (pt 5.1.5) Bylaag G

6.3.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Notule Bosberade met ringsleraars : dd Maart 2007)

6.3.3.2 Besluit: Kennis word geneem van die notule en die sinvolle uitkomste van die prosesse. Die lede van die moderatuur word bedank vir hulle moeite en insette.

6.3.4 Ad Hoc Taakspan: Oos-Kaapse bydrae vir die Algemene Sinode (pt 5.2.2)

6.3.4.1 Die saak staan oor. Die verslag sal opgeneem word in die SK-verslag aan die sinode.

6.3.5 R10-Fonds (pt 5.2.5)

6.3.5.1 Die saldo van die fonds beloop tans R106,522.

6.3.5.2 Ringe is versoek om gemeentes in te lig dat - by wyse van die reglement van die sinodale hulpfonds - aansoeke ingedien kan word om hulp uit hierdie fonds. Tot op datum is aansoeke nog nie ontvang nie.

6.3.5.3 Besluit: Die skriba word versoek om die fonds weer onder kerkrade / gemeentes se aandag te bring met die oog op bydraes aan die fonds.

6.3.6 Algemene Sinode: Afvaardiging en reëlings (pt 5.2.7) Bylae H en I

6.3.6.1 Bylaag H (Geloofsbrief na die Algemene Sinode 2007 - dd 2007-03-04) word bespreek en **goedgekeur**.

6.3.6.2 Die vergadering bespreek Bylaag I (Skrywe algemene Sekretaris re Algemene Sinode - dd2007-03-22) en **neem kennis** daarvan.

6.3.7 Sinodale Werkswinkel / Retraite (pt 6.3) Bylaag J

6.3.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag J (Verslag Sinodale Werkswinkel Maart 2007 - ongedateerd).

6.3.7.2 Besluit: Met dank kennis geneem.

6.3.8 Ontmoeting Taakspan Fondse (pt 11.1)

6.3.8.1 Kennis geneem dat die ontmoeting met die Algemene Taakspan Fondse (dr Kobus Gerber en ds Bobby Scherrer) vir 10 Mei 2007 gereël word.

6.4 SK-Dagbestuur 2007-01-18 Bylaag B

6.4.1 Strategiese vennootskap met Buvton (pt 5.1.6)

6.4.2 Die saak staan oor tot Augustus 2007.

6.5 SK 2006-11-23 Bylaag A

6.5.1 Beplanning Oos-Kaapse Sinode 2007 (pt 12.2) Bylaag Q

6.5.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Ad Hoc Beplanningskommissie vir die Sinodale Vergadering - dd 2007-04-18)

6.5.1.2 Besluite:
6.5.1.2.1 Pte 1 - 6.7.6 - Kennis geneem
6.5.1.2.2 Pt 6.8 - Goedgekeur dat 'n buiten-gewone vergadering van die SK vir 26 Julie 2007 belê word om die SK se verslag aan die sinode goed te keur. Die SK-Dagbestuur sal op 26 Julie na afloop van die SK-vergadering bymekaarkom.

7. TERUGVOER UIT RINGE

7.1 Albanie

7.1.1 Daar het nie nuwe sake sedert die bos-beraad na vore gekom nie.

7.2 Algoa

7.2.1 Van die gemeentes in die Ring is besig met 40 dae van doelgerichtheid en/of 40 dae van geestelike gemeenskap.

7.3 Burgersdorp

7.3.1 Die SAVGG-projek begin nou op dreef kom in kombinasie met die VGK-Ring.

7.4 Cradock

7.4.1 Die gemeentes vaar almal goed. Die projek-te, Mosambiek, ondersteuning van Noupoort, en die leierskapseminaar verloop goed.

7.4.2 Cradock-Noord gemeente word eersdaags vakant nadat ds Johan van Niekerk 'n beroep aanvaar het.

7.4.3 Besluit: Die sinode bedank ds Van Niekerk vir die wyse waarop hy die leiding met die Netwerk vir Getuienis geneem het. 'n Boek sal as geskenk aan hom oorhandig word. Die DA hanteer die aankoop van die boek.

7.5 Dordrecht

7.5.1 Volstaan met die verslag wat by die bosberaad gedien het.

7.6 Graaff-Reinet

7.6.1 Daar was heelwat wisseling in terme van leraars (5 het vertrek). Dit het kontinuïteit tov die ringskommissie in die slag laat bly.

7.6.2 Ds Hennie de Kok het die beroep na Nuwekerk Graaff-Reinet aanvaar.

7.6.3 'n Emeritus werk in die tyd van die vakature op Aberdeen.

7.6.4 Onderlinge verhoudinge op ringsvlak is baie belangrik vir die ring.

7.7 Humansdorp

7.7.1 Jeffreysbaai se 4 leraars was op besoek by ander gemeentes. Die verslag kan gelees word by www.ngkok.co.za.

7.7.2 Die vroue-retraite is in Maart afgehandel, en die mans-retraite vind in Mei plaas.

7.8 Oos-Londen

7.8.1 'n Mini-Konvent het in die streek plaas-gevind.

7.8.2 Die ringsretraite vind eersdaags plaas.

7.9 Port Elizabeth

7.9.1 Toerusting in die leraarskring vind eers-daags plaas.

7.10 PE-Wes

7.10.1 Personeel: Rudi van Tonder is by Sherwood bevestig en Jan Coetzee by Sionsrand.

7.10.2 Heelwat leraars nader emeritaat.

7.11 Queenstown

7.11.1 Volstaan met die bosberaad se verslag.

7.12 Sondagsrivier

7.12.1 Volstaan met die bosberaad se verslag.

7.12.2 Drie gemeentelike uitreikspanne gaan in die Mount Ayliff-area werk.

7.13 Uitenhage

7.13.1 Vraelyste is in die ring gesirkuleer om vas te stel waar lidmate betrokke is by barmhartig-heidsprojekte. Die betrokkenes is by 'n werks-winkel betrek om sinergie te skep om projekte oor gemeentegrense te inisieer.

8. KERKHERENIGING

8.1 Verslag Kerkherenigingskonferensie te Cradock - 2-3 Maart 2007 Bylaag K

8.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Notule Konferensie re Kerkhereniging te Cradock - dd 2-3 Maart 2007) en **neem kennis** van die verslag in sy geheel.

8.1.2 Kennis geneem dat 'n mini-konvent tussen die familiekerke in die Ring van Dordrecht gehou word.

8.1.3 Die Ring van Oos-Londen het ook reeds as gesamentlike ringe bymekaargekom en vergader eersdaags vir 'n tweede keer.

8.1.4 In PE het die VGK-ring die ander drie ringe van die NGK uitgenooi om deel te neem aan gesprek.

8.1.5 Die NGKA in Oos-Kaapland word ook nou deel van die konvent-proses.

8.1.6 Volgende week vind die Achterbergh 2 Konferensie plaas waar die uitgebreide leierskappe van die vier kerke bymekaarkom.

9. ALGEMENE SINODE

9.1 Verslag ASM Bylaag L

9.1.1. Die vergadering bespreek Bylaag L (Verslag van die verteenwoordiger op die Algemene sinodale Moderamen - ongedateerd).

9.1.2 Besluit: Kennis geneem van die verslag in sy geheel.

10. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

10.1 Sendingeiendomme

10.1.1 Die DA rapporteer dat 'n skrywe van ds Lukas Plaatjie ontvang is waarin hy vra dat 'n volledige lys van die eiendomme wat deur die NG Kerk in trust gehou word, beskikbaar gestel word. Die vraag is hoe die saak hanteer moet word.

10.1.2 Die skriba herinner die vergadering dat die UK Oos-Kaapse Konvent die saak op 7 Februarie 2007 bespreek het. Die doel met die inligting is om kerklike eiendomme wat op grond staan wat aan munisipaliteit behoort vir kerklike werk te behou. Daar is bepaalde gemeentes waar die munisipaliteit nou die grond vir ander doeleindes wil aanwend.

10.1.3 Besluit:
10.1.3.1 Die DA verskaf die spesifieke inligting wat ds Plaatjie benodig, en nie 'n volledige lys nie.
10.1.3.2 Die DA stel 'n volledige lys saam vir voorlegging aan die SK-Dagbestuur.
10.1.3.3 Die SK hanteer die saak op sy eers-volgende vergadering.

10.2 Skoolverlaterskampe Bylaag R

10.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag r (Skoolverlaterskampe - ongedateerd), soos voorgelê deur ds Sas Swart. Hy vra dat skoolverlaterskampe as sinodale werksaamheid hanteer moet word.

10.2.2. Besluit:
'n Ad Hoc Kommissie bestaande uit die DA (sameroeper), die aktuarius en ds Sas Swart bespreek die Bylae en maak 'n aanbeveling aan die volgende vergadering van die SK-Dagbestuur.

11. KORRESPONDENSIE

11.1 NGK PE-Hoogland: Uitkoop van tyd Bylaag M

11.1.1 Besluit: Die skrywe word na die Dagbestuur verwys om die saak te hanteer.

11.2 Leraars bo 65 jaar Bylaag N

11.2.1 Ds Hennie Strydom versoek dat die kerkordelike bepaling wat voorsiening maak dat leraars bo 65 nie beroep en bevestig kan word nie, heroorweeg word. Leraars bo 65 behoort as volwaardige leraars bevestig te kan word. Hy versoek dat die saak by wyse van beskrywingspunt op die sakelys van die Algemene Sinode geplaas word.

11.2.2 Besluit: Kennis geneem dat die ringskriba van Cradock reeds 'n skrywe aan die ARK gerig het. Dit is die enigste wyse waarop die saak in elk geval op hierdie laat stadium op die agenda van die Algemene Sinode kan kom.

11.3 NG Kerk Joubertina: Uitkoop van Tyd Bylaag O

11.3.1 Besluit:
11.3.1.1 Die skrywe word na die Dagbestuur verwys om die saak te hanteer.
11.3.1.2 Indien die NGK Joubertina nie wil onderhandel oor die gebruik van ds Steyn as bestuurder van B-Net nie, stel die dagbestuur 'n ander Netwerkbestuurder aan.

12. ANDER SAKE

12.1 Opdatering Oos-Kaapse Webblad by die Algemene Sinode

12.1.1 Die skriba, ds Mouton, meld dat die opdatering van die Algemene Sinodale webblad te veel van sy tyd in beslag neem.

12.1.2 Besluit: Die skriba lei me Nellie Westraadt op om die webblad vanuit die sinodale kantoor op te dateer.

13. AFSLUITING

13.1 Me Smit sluit die vergadering met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuurvergadering van:

_____ 2004.

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: